

## **Sing vooraf staande: Psalm 93:1, 4 (p. 470)**

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.  
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.  
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

## **Amen.**

## **Psalm 89:1, 6 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

### **Wet**

## **Psalm 25:2, 6 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

### **Gebed**

## **Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)**

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

## **Skriflesing: 1 Petrus 1:13-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 13:34**

### **Kernvers: 1 Petrus 1:18-19**

**Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos.**

(1 Petrus 1:18-19 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 34

#### Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord:

Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).

(a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.

**Tema:** Jesus Christus is ewig ons Eienaar en ons sy eiendom

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons kom vanoggend aan die einde van die tweede artikel van die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof. In vraag en antwoord 34 kom ons ook by die vierde en laaste Naam wat ons van ons Verlosser in die Twaalf Artikels bely. Ons noem Hom Here. Vir ons wat al 'n geruime tyd deur middel van die ware geloof in Christus ingelyf is, is dit natuurlik om Jesus Christus ons Here noem. Van kleins af het ons geleer om Jesus as ons Here aan te spreek en aan te roep. Maar soos dit met baie van ons woorde in ons daaglikse lewe gebeur, gebeur dit ook met ons woorde in ons diens aan die Here; ons sê dit sonder om te dink of presies te weet wat ons daarmee bedoel. Miskien weet ons wat ons daarmee bedoel, maar ek kan u verseker dat ons met 'n mond vol tande gaan staan as iemand ons vinnig vra wat bedoel ons met hierdie of daardie woord. Dit is omdat ons die woorde so gereeld gebruik dat ons al vergeet het of miskien nie so vinnig kan sê wat ons daarmee bedoel nie.

Dit is juis in sulke gevalle waar die Heilige Gees ons met ons Kategismus wil bystaan. Met die vrae in die Kategismus wil die Heilige Gees ons juis daartoe bring om weer te onthou wat ons bedoel as ons sekere woorde sê en bely.

Die mense vir wie Petrus hierdie eerste brief geskryf het, het geweet dat nie net Jesus as Here aangespreek word nie. Die naam *here* of *heer* is ook destyds deur die heidene gebruik om aan die keiser goddelike eer te bewys. Ander persone wat met hierdie naam aangespreek is, was die persone aan wie jy ondergeskik is. Die algemeen aanvaarde afleiding is dat die mense aan wie Petrus hierdie brief geskryf het juis ondergeskik was aan die burgers van die landstreke wat aan die begin van hierdie brief genoem word.

Die gelowiges aan wie Petrus sy eerste brief geskryf het, was Christene in die verstrooiing. Reeds in die dae van Jesus se omwandeling op aarde was daar Jode wat in ander wêrelddele gebly het en hulle is *die verstrooides* genoem (Joh 7:35). In Handeling 2 hoor ons waarvandaan mense oral na Jerusalem gekom het vir die Pinksterfees toe die Heilige Gees uitgestort is. Drie van die plekname wat Petrus in die eerste vers noem, vind ons ook in Handeling 2.

Die grootste aantal Jode wat so in die verstrooiing geleef het, sou net in Judea burgerskap kon geniet. In die landstreke van Klein-Asië waar hulle hulleself nou bevind, het hulle nie burgerregte nie, want hulle is uitlanders. As Petrus dan van hierdie Christene se vreemdelingskap praat, kan daar twee dinge bedoel word. Aangesien hulle polities uitlanders is, is hulle vreemdelinge in die gebiede waar hulle woon. Aangesien hulle Christene is, is hulle eintlike burgerskap in die hemel by die Here en nie op die aarde nie. Dus is hulle ook geestelike vreemdelinge in hierdie wêreld. Met die woord *vreemdelingskap* beklemtoon die Heilige Gees dat hierdie Christene se verblyf in die gebied waar hulle is as tydelik geag word en op 'n geestelike vlak beteken dat alle

Christene se verblyf in hierdie wêreld tydelik van aard is. Ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

Wat hierdie Christene vir wie Petrus skryf dan betref: Aangesien hulle uitlanders was, kon hulle nie grond in Klein-Asië besit het nie. Dit het tot gevolg gehad dat behuising vir hulle 'n groot probleem was. Hulle kon darem as bywoners blyplek kry op 'n burger se grond. Gewoonlik het hulle dan somer vir die grondeienaar ook gewerk. Dit het hulle baie kwesbaar gemaak. As die baas van die grond om watter rede ook al hulle verblyfreg beëindig het, het die bywoners geen opsie gehad as om pad te gee nie. Hulle was dus in 'n sekere sin uitgelewer aan die baas van die grond. Aan hierdie grondeienaars was die gelowiges dan ondergeskik en hulle het hom ook *heer* of *here* genoem.

Die naam *heer* of *here* is gewoonlik ook deur 'n slaaf vir sy eienaar gebruik, want die eienaar is die baas van die slaaf. Hierdie gelowiges aan wie Petrus geskryf het, het hulle-self in die ware sin van die woord as slawe verhuur net om 'n blyplek te hê en om aan die lewe te bly. Dus, as hulle wat Christene is ook nog vir Jesus as Here aanspreek, moet hulle kan sê hoekom Hy hulle Here is.

In dieselfde sin as wat hierdie gelowiges hulle weldoeners as heer of here aangespreek het, spreek ons Jesus Christus as ons Here aan. Daarmee bedoel ons dan dat ons geheel en al sy eiendom is. Hy het absolute besitreg oor ons, want deur sy kruisiging en op-standing heen het Hy ons Eienaar geword. Trouens, in Sondag 1 het ons dit al bely: ***Met liggaam en siel, in lewe en in sterwe behoort ons aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus.*** En wanneer ons hier in Sondag 13 sê wat ons met die Naam Here bedoel, val die klem daarop dat Hy ons vrygekoop en verlos het. So het Hy ons tot sy eiendom gemaak. Ons let veral op drie sake in hierdie verband, naamlik waarvan Hy ons gekoop en verlos het, waarmee Hy ons gekoop en verlos het, en waartoe of waarvoor Hy ons gekoop en verlos het.

Broers, susters en kinders, wanneer ons sê dat Christus ons verlos en vrygekoop het, veronderstel dit dat ons aan iets of iemand anders onderworpe was. Ons bely dat ***Hy ons liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel vrygekoop het.*** Petrus skryf dat die gelowiges losgekoop is uit hulle ***ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is*** (1 Petrus 1:18 AFR53). Vir die Joodse Christene het dit beteken dat hulle slawe van die oorgelewerde gebruike van hulle voorvaders was. Hierdie oorgelewerde gebruike het daarop neergekom dat die Jode van oordeel was hulle moet deur onderhouding van die wet hulle eie verlossing verseker. Deur die wet te onderhou, so het hulle geleer, kan jy jou sondeskuld by die Here afwerk. Maar dit is nie waar nie. Niemand kan sy sondeskuld by die Here minder maak deur die wet te onderhou nie. Dus, nadat 'n mens nou alles gedoen het wat die wet vereis, is jy eintlik steeds in jou skuld vasgevang. So is elke mens op aarde vasgevang in die skuld van sy sonde.

Nie een van ons was egter geharde heidene wat op 'n drastiese wyse tot bekering gekom het nie. Ons almal het in ordentlik beskaafde en gelowige huise grootgeword. Maar ordentlik beskaafde en gelowige huise vrywaar 'n mens nie van die erfsonde nie. Van nature is ons almal in die mag van die sonde en onder die heerskappy van die duiwel. Ons word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons van nature geneig om God en ons naaste te haat. Ja, van nature is ons geneig tot alles wat boos is. Ons kan uit onself niks goeds bedink of doen nie.

Omdat ons van nature in die mag van die sonde is, is ons geneig om ook ons lewe volgens ons sondige begeertes in te rig. Dit is juis waarteen Petrus die gelowiges later in sy brief waarsku. Aangesien hulle uitgelewer is aan die giere en wispelturigheid van die

grondeienaars, moet hulle daarop bedag wees om nie kwaad met kwaad te vergeld nie. As iemand van jou kwaadpraat, wees op jou hoede. Want as jy jou daarop gaan toespits om hom ook iets aakligs toe te snou, het jy toegegee aan jou sondige begeertes. Dan het jy gedoen wat jou natuurlike geaardheid van jou verwag.

En as 'n mens eers aan jou natuurlike geaardheid begin toegee deur jou sondige begeertes te gehoorsaam, laat jy toe dat die duiwel weer oor jou baaspeel. En dit is verskriklik as die duiwel jou here en meester is. Hy is 'n harde baas wat jou van kwaad na erger dryf. Kyk maar hoe gaan dit in die mense se lewens wat hulle sondige begeertes aanhoudend gehoorsaam: die alkoholis, die dwelmslaaf, die seksmaniak, die magsbehepte mens, die materialis vir wie geld en goed alles in die lewe is. Hulle is vasgespin in die strikke van die duiwel se heerskappy sodat hulle met eie krag nie uit sy mag kan ontsnap nie.

Maar Christus het ons saam met sy ander kinders uit die kloue van die Satan verlos. Op Golgota het Christus die duiwel 'n genadelose kopskoot toegedien sodat sy ryk nou aan die wankel is. Die mag wat die duiwel oor ons gehad het, is deur Christus verbreek. Daarom behoort ons nou aan Hom en noem ons Hom ons Here. Alhoewel ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos is en van al ons sondes vrygekoop is, beteken dit nie dat ons nooit weer sonde sal doen nie.

Noudat Christus ons Baas is, beteken dit ook nie dat die duiwel ons nie meer sal aanval nie. Onthou, die duiwel loop soos 'n briesende leeu op die aarde rond en soek wie hy kan verskeur. Met allerhande slinkse planne sal hy ons tot 'n val probeer bring, en ons sondige geaardheid kry nou en dan weer lewe. Want die ou sondige mens wil maar nog stry teen sy doodsvonnis en die Satan wil nie sy nederlaag op Golgota gelate aanvaar nie. Maar al gebeur dit nog dat ons sonde doen, heers die Satan en die sonde nie meer oor ons nie. Ons staan onder die genadeheerskappy van Christus en in Hom is ons meer as oorwinnaars.

Ten tweede sien ons waarmee Christus ons vrygekoop en verlos het. In die destydse wêreld is 'n slaaf met silwer of goud van sy eienaar vrygekoop sodat die slaaf vry kan wees. Christus het ons ook vrygekoop van die verslawing aan ons eie sondige geaardheid en van alle heerskappy van die duiwel. Maar Hy het dit nie met goud of silwer gedoen nie, hoe waardevol silwer en goud ook al vir mense mag wees. Wanneer dit by die betaling van sondeskuld kom, het goud en silwer geen waarde nie. Inteendeel, die prys vir 'n mens se lewe kan nie in geldwaarde gemeet word nie. En omdat die waarheid en geregtigheid van God eis dat die dood alleen genoegsame betaling vir die mens se lewe is, het Christus dan ook met sy kosbare bloed betaal om ons los te koop.

'n Hoër prys as die sterwe van Christus sal ons nêrens kan kry nie. Daarom sê Paulus ook op 'n plek dat ons *duur gekoop* is (1 Kor 6:20). Geliefdes, hoor net die liefde wat God ons Vader en sy Seun Jesus Christus vir ons het. Die Seun van God was al voor die skepping van die wêreld deur sy Vader bestem as losprys vir ons en die Seun was van ewigheid af bereid om Homself te offer sodat ons vrygekoop kan word van die sonde en die duiwel. Op die bestemde tyd het Christus Homself dan ook oorgegee om gekruisig te word sodat ons vry kan kom van die verslawing aan die sonde en die duiwel.

Hierdie verlossingswerk van Christus was nie 'n koue handelstransaksie nie. Vir Christus en die Vader was dit 'n daad van onbaatsugtige liefde. In hierdie onbaatsugtige liefde wat Christus en God vir ons het, hoor ons ook hoeveel waarde God aan sy kinders heg. Hy heg soveel waarde aan ons dat Hy nie eers sy eie Seun se lewe gespaar het nie. Hy was bereid om die hoogste prys vir ons vryheid te betaal.

En deurdat die Vader vir Christus weer uit die dood opgewek het, het Hy aan Hom die heerlikheid gegee – die heerlikheid wat pas by Hom wat Eienaar is van God se kinders. Omdat Christus so ver gegaan het om sy kosbare bloed as betaalmiddel te gee vir ons vryheid, en omdat die Vader aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee het, maak God dit aan ons baie duidelik: Jesus Christus is ons Here, ons Baas en Eienaar. Hy alleen voer heerskappy oor ons, want deur sy dood en opstanding heen het Hy absolute besitreg oor ons verkry.

In die derde plek sien ons met watter doel Christus ons verlos het. In Sondag 13 bely ons dat Hy ons losgekoop en verlos het om ons tot sy eiendom te maak. En omdat ons sy eiendom is, noem ons Hom ons Here.

Alhoewel hierdie loskoop van God se kinders vir Christus nie 'n koue handelstransaksie was nie, moet ons in handelstaal praat om die saak vir onself verstaanbaar te maak. Wanneer ons iets koop en die volle prys daarvoor betaal het, is ons die wettige eienaars van daardie gekoopte voorwerp. Indien jy byvoorbeeld 'n voertuig gekoop het met die doel om dit vir lang afstande te gebruik, verwag jy ook van daardie voertuig om die soort werk te kan doen waarvoor jy dit aangekoop het.

Kom ons pas nou hierdie beeld toe op Christus se eienaarskap oor ons. Hy het die volle prys betaal wat sy Vader geëis het sodat ons vry kan wees van die verslawing aan die sonde en die duiwel. Dus, nóg die sonde nóg die duiwel het enige verdere seggenskap oor ons. Christus alleen is ons Here en Hy het nou absolute besitreg oor ons. Omdat Hy ons wettige Eienaar is, is dit tog verstane dat Hy wil hê ons moet wees en leef waarvoor Hy ons gekoop het, naamlik om kinders van sy Vader en broers en susters van Hom te wees.

Geliefdes, kom ons sê dit nog 'n maal: Omdat Christus ons uit liefde vir God losgekoop het met sy kosbare bloed, is ons die eiendom van Hom alleen. En aangesien ons sy eiendom is, rus daar nou 'n verpligting op ons. Ons moet leef en wees soos die eiendom van Christus en die kinders van God. Tog doen ons dit nie alleen uit pligsbesef nie, maar veral omdat ons dankbaar is dat Christus ons sy eiendom gemaak het.

In die praktyk beteken dit dat ons met ons hele lewe moet en wil toon dat ons nie die eiendom van die wêreld of van die duiwel is nie maar van ons Here Jesus Christus alleen. Daarom sê Petrus: In plaas daarvan om ons lewe volgens ons ou sondige begeertes in te rig, gaan ons nou ons hele lewe heilig hou omdat ons Eienaar en sy Vader heilig is.

Met ander woorde, met liggaam en siel, met hart, verstand en wil, met lewe en besittings, met man, vrou en kinders moet en wil ons die Here Jesus en sy Vader alleen dien en Hulle wil uitvoer, omdat ons aan Hulle behoort. In alles wat jy sê en doen, wil jy eers vasstel of dit God se goedkeuring sal wegdra. En eers as jy daarvan oortuig is, praat jy en doen jy. Dan leef jy 'n heilige lewe. En om so heilig te lewe het Christus juis sy Heilige Gees aan ons gegee om ons as sy eiendom te beseël. Die Heilige Gees lei ons daagliks om die ou mens nog meer af te sterf en wek die nuwe mens meer en meer in ons op sodat ons hoe langer hoe meer heilig kan wees en leef omdat ons Eienaar heilig is.

Broers, susters en kinders, Jesus Christus het ons liggaam en siel met sy kosbare bloed van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel vrygekoop en ons tot sy eiendom gemaak. Daarom noem ons Hom ons Here. As ons Hom dan ons Here noem, bely ons met ons mond en glo ons met ons hart dat Hy absolute besitreg oor ons het. As dit vir ons waarlik 'n vreugde is dat Hy ons vrygekoop het toe Hy ons Here geword het, moet en wil ons met ons hele lewe dan ook bewys dat Christus ons Eienaar is vir ewig.

## **Amen!**

### Slotgebed

Formulier vir die bediening van die doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;  
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.  
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,  
en eer en heerlikheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge  
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganze skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,  
en aan die Lam van God, self ewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!"  
Met "Amen, Amen!" het die géruks opgeswewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 Desember 2013